Guillaume Nel
environmental consultants

MR 201 VERGADERING MET ZIONS KERK

07/06/2019
10:00 Zions Kerk Gebou

TEENWOORDIG

Winston Travill (WT)	Magda Christians (MC)
Olvin Roman (OR)	Stephen van der Merwe (SvdM)
Guillaume Nel (GN)	Carina Nel (CN)

BESPREKING

GN – Ons wou graag die kerk sien voor die publieke vergadering van Dinsdag, 11 Junie 2019.
Drakenstein Munisipaliteit het genoem dat daar 22 000 huise in die area geboue gaan word – die area sien groot ontwikkeling. Daar is 12 508 voertuie wat die pad gebruik per dag.
Die pad moet verbreed word op die aantal voertuie te kan akkommodeer. Die Provinsiale Department van Vervoer en Openbare Werke (aansoeker) stel voor dat die pad verdubbel word. Dit gaan lei tot die verbreëding van die pad reserwe.
Die kerk se gebou kan moontlik verlore gaan as gevolg van die ontwikkeling. Die kerk sal wel vergoeding ontvang vir die grond en gebou in die vorm van geld. ’n Onafhanklike evalueerder sal gebruik word om die waarde van die eiendom te bepaal. Indien die kerk nie tevrede is met die bedrag nie, kan hulle ’n ander evalueerder aanstel.
’n Omgewingsimpak Studie sal gedoen word vir die verdubbeling van die pad. Eerstens sal ons ’n verslag skryf wat ons beskikbaar stel aan die publiek. Ons verkry dan kommentaar van die Belanghebbende en Geaffekteerde Persone. Die verslag word ook gestuur aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkeling Beplanning vir kommentaar. Ons bespreek die kommentaar dan met die kliënt om te kyk hoe ons die kommentaar kan aanspreek. Die proses word herhaal vir drie rondtes. Daar is baie geleenthede om insette te lewer. Ons is tans aan die begin van die Omgewings Goedkeuring aansoek proses.
Die aansoeker moet die kostes van die bou van die pad in ag neem en so word die verkose alternatief bepaal. Dit word voorgestel dat die pad na die Ooste kant verbreed word.

SvdM – Diegene wat die vergadering bywoon het geen besluitneming bevoegdheid nie en terugvoer moet aan die kerkraad voorsien word. Die gemeente is ouer as 200 jaar oud. Die kerk gebou was geskenk aan die kerk. Die kerk gebou was eers ’n skooltjie, maar die gebou word tans as ’n kerk gebruik.

Fabriek Street 45
Paarl

P.O. Box 2632 Paarl 7620

Tel: 021 870 1874

Cell: 072 1571 321

Die kerk sal probeer om die emosionele verbintenis uit die saak te hou. Die gebou was voorheen erken dat dit waardevol is. Hierdie inligting was gegee om agtergrond en ’n verstaan van die plek te gee. Vereis dat ’n notule van die vergadering asseblief aan Magda gestuur moet word – Magda behartig die administratiewe take van die kerk. Die kerk sal ook hulle prokereur (Reitz de la Bat) by die proses betrek om raad te kry rakende die regulatoriese aspekte. Ons probeer om die kerk se belange eerste te stel.
GN – Dit sal goed wees indien die kerk hulle prokereur betrek by die proses. Is die gebou oorgedra aan die kerk?
SvdM – Ja, dit is die kerk se gebou wat regmatig aan die kerk bemaak is.
OR – Wanneer word die pad beoog?
GN – Die Omgewing Goedkeuring proses neem rondom 14 maande, waarna ‘n “tender” proses wat tussen 4 en 5 maande neem gefasiliteer moet word. Realisties gesproke sal die pad se bou eers in 2021 begin. Ons wil graag die kerk se insette en kommentaar in die proses ontvang. Waar parkeer die mense wat kerk toe kom tans?
SvdM – Voor die gebou, aan die kant en langs die pad.
GN – Ons sal ’n harde kopie van die verslag ook vir die kerk gee tydens die publieke deelname tydperk. Val de Vie is nie die aansoeker / kliënt van die aansoek nie.
SvdM – Dit sal goed wees om die kommunikasie kanaal te behou. Op die oomblik sal die kerk die inligting so gou as moontlik deur werk en ’n vergadering met die kerkraad fasiliteer om die inligting aan hulle voor te lê. Ons moet eerlik en opreg met mekaar wees.
GN – Ons het nie baie inligting op die oomblik nie. Die huidige uitleg is die “worst case scenario”. Die eerste verslag stuur ons uit sonder enige kommentaar, ons sluit dan die kommentaar in die tweede en derde verslag. Tydens die tweede publieke deelname tydperk kry ons ’n gevoel van waarna die projek gaan.
SvdM – Gee asseblief e-pos adresse aan Magda. Baie dink en praat werk wat gedoen moet word.
GN – Ons weet dat mense emosioneel raak oor hierdie tipe sake.
SvdM – Die kerk is oop vir gesprekvoering en sal probeer om die emosie uit die gesprekvoering te hou.
GN – Daar is waarde in emosie en waarde in die gemeente. Indien die kerk die gebou wil behou kan ons probeer tot waar ons kan. Die kerk se prokereur moet ook as ’n Geaffekteerde en Belanghebbende Persoon registreet.
SvdM – Bly dat ons kontak gemaak het met die kerk. Daar is baie ontwikkeling wat uit die projek kan kom in die area.
GN – Die bulk dienste moet opgeknap word. Ontwikkeling in die area is ’n groot bonus vir Paarl en die munisipaliteit wat ’n groot inspuiting vir die area gee. Baie dankie vir die kerk se tyd.